

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
25 Februarie 1973

Onderwerp: Grenslose vergifnis

Lees: Matthéüs 18 verse 21 tot 35

Teks: Matthéüs 18 verse 21 en 22

Sing: Psalm 107 vers 15
Gesang 61 verse 5 en 7
Psalm 130 vers 2

“Dit is nie duidelik wat Petrus beweeg het om hierdie merkwaardige vraag te stel nie: ‘Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe?’

“Petrus, so ken ons hom, was ’n humeurige man. Dit mag wees dat hy Jesus met sy vraag wou kritiseer, omdat Jesus volgens hom te sagmoedig en te toegeeflik was. Dit mag ook wees dat hy Jesus hiermee wou beïndruk. Dalk wou hy vir Jesus wys hoe vêr hy al gevorder het, deurdat hy bereid was om sewe maal te vergewe. Dit kan ook wees dat Petrus se motief ’n opregte bereidheid was om Jesus te volg.

“Hoe dit ookal sy, Petrus se vraag gaan hier oor of daar perke is aan Christelike naasteliefde?

“Petrus het die plig om te vergewe erken. Hulle is so in die Ou Testament geleer en as Fariseërs het hulle die verskillende voorskrifte vir vergewing van buite geken. Hierteenoor wou Petrus weet wat Jesus se voorskrif was, met die verwagting dat Jesus ook ’n perk sou stel.

“Broers en Susters, ons ken Jesus se radikale antwoord: ‘Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe.’

“Die antwoord het as ’n skok gekom - ook vir ons. Maar hier staan dit swart op wit uit die mond van Jesus.

“Broers en Susters, Jesus het nie hier ’n wyer grens as Petrus gestel nie: vier honderd en negentig maal teenoor Petrus se sewe maal nie. Nee, Jesus se verwysing na ‘sewentig maal sewe’ het geïmpliseer dat daar geen beperking op vergifnis mag wees nie.

“Die natuurlike mens voel so gelukkig as hy ’n bepaalde welomskrewe hoeveelheid pligte opgelê word. As dit duidelik uiteengesit is en hy dit nagekom het, is daar geen ongemaklike onsekerheid nie.

“Maar nou wil Jesus ons met sy antwoord juis nie laat tel nie. Sy antwoord is niks minder as dit nie: Die vergewing van jou naaste moet grensloos wees. Dit is ’n harde, onmoontlike en onrealistiese woord. Maar dit is wat Jesus gesê het en sy Apostels het dit bevestig in hulle briewe.

“Dit help nie om allerlei voetnotas onderaan hierdie teks te plaas nie. Ons moet dit net aanvaar, gehoorsaam en daaronder buig. Die vergewing van jou naaste moet grensloos wees.

“Broers en Susters, as ons hierdie eis deurdink, dan is dit nie só onmoontlik nie. In die gelykenis wat Jesus hier vertel, motiveer Hy sy stelling van grenslose vergewing. Dit is daaruit duidelik dat die mens altyd in ’n driehoek verhouding staan tussen God, homself en sy naaste. In die verhouding tussen God en homself is daar grenslose vergewing en kwytstelling van skuld. Jesus Christus het dit vergelyk met ’n skuld van 10 000 talente, wat ongeveer R8 miljoen is. [Dit was in 1973. Nou in 2018 is dit ongeveer R80 miljoen.] Hierdie syfer simboliseer ons skuld voor God. ’n Skuld wat onbetaalbaar is vir ’n gewone dienskneg. Hierteenoor het Jesus ons naaste se skuld teenoor ons vergelyk met 100 pennings, wat nie eers ’n volle Rand is nie.

“As jy van ’n skuld van R8 miljoen vrygestel word en dan R1 van jou naaste afpers, skree dit ten hemele.

“Maar Broers en Susters, dit is wat gebeur. Gelowiges meld hulle daagliks aan vir kwytstelling van hulle skuld by God, maar presies die teenoorgestelde van wat hulle van God ontvang, gaan doen hulle met hulle naaste. Dit is sonde voor God om met ’n dubbele maat te meet.

“En in hierdie dubbele maatstaf is die uitgangspunt, of ons dit wil weet of nie: As ek God verag, moet God dit oor die hoof sien; maar wie my verag, moet die gevolge dra. Vir God het ons bitter min tyd oor, maar wee diegene wat geen belangstelling in my toon nie. By God staan ons op genade en bid: Ag Here gee; terwyl die ander hand ’n vuus is wat betaling van ons naaste eis.

“Broers en Susters, dit is duidelik uit hierdie gelykenis, dat God dit nie duld nie. Vergewing wat nie deurgegee word nie, is vir God ’n gruwel. Dan neem Hy sy vergifnis terug.

“Hierdie vereiste met betrekking tot vergifnis behoort elke sondige hart te ontstel. As jy nie bereid is om jou naaste te vergewe nie, kan jy nie aanspraak maak op God se vergifnis nie. Omdat God bereid is om

elke dag te vergewe, moet ons ook bereid wees om elke dag te vergewe. En daarom is die vergifnis van jou naaste grensloos, omdat God se vergifnis grensloos is.

“Verder is die grenslose vergifnis van die naaste, om die waarheid te sê, ’n bewys van die egtheid van jou geloof. Dit is ’n bewys van jou kindskap en jou bekering. As jy gedurig grense vir vergifnis trek, is jy besig om God se genade in jou eie lewe in te perk.

“In hoeveel lewens is die vergifnis van die naaste nie ’n kortsluiting in hulle geloofslewe nie? Daar is mense wat dit net nie regkry nie. Hulle persoonlikheid en aanleg is teen hulle. Hulle worstel met humeure. Hulle is jaloers en venynig. Hulle is fyngevoelig en wondbaar. Of hulle is uitdagend en verwaand, hardnekkig en egosentries. Basies onbeheerst en daarom fel haatdraend teenoor hul naaste.

“Daar is sulke mense onder ons en ons dink nie daaraan om hulle te vermaan nie. Maar hierdie onversoenlikheid is ook in ons eie harte teenwoordig; en weinig dink ons daaraan dat dit ’n ontsettende sonde is. En nou kom die Woord na ons sonder om ’n uitsondering te maak: Grenslose vergewing is die finale opdrag.

“Om grensloos te kan vergewe, moet ons elke dag die driehoek verhouding tussen God, onself en ons naaste belewe. Die eerte stap tot grenslose vergewing van jou naaste is om te besef hoe groot die sonde van onversoenlikheid is. Die tweede stap is dat ons die wet van God se Koninkryk moet eerbiedig. Volgens die bergrede is een van die sentrale wette van die Koninkryk van God nie die handhawing van die reg onder mekaar nie, maar die beoefening van die liefde. In die Koninkryk van God distansieer jy jou nie van jou naaste nie. Jy skrywe nie die oortredinge wat hy teen jou gedoen het op die bladsye van jou geheue nie. In die Koninkryk van God sal jy nie deur die handhawing van jou reg lewe nie. Jy sal lewe en ander laat lewe deur selfontlediging en vergifnis. Die derde stap is dat waar haatgedagtes en versoeking ons bestorm, ons dadelik ons verhouding tussen onself en God in berekening moet bring.

“Hier staan jy voor my, my naaste. Jy het my bedrieg, verneder, kwaad aangedoen, seergemaak en beledig. En die oue mens pols in my are. Ek gaan jou terugbetaal. Ek gaan jou benadeel. Ek gaan jou ignoreer. Ek gaan ’n wrok in my opbou.

“Maar wag! Hier staan ek voor U, o God. U verseker my, dat as ek dit begeer, U my altyd weer vergewe en

aanneem. En o HERE, elke dag hoop my skuld op by U en elke dag vergewe U. Daarom moet ek en wil ek hierdie man vergewe wat my leed aangedoen het.

“Ek moet dus nie weerklank gee van wat mense aan my gedoen het nie, maar wat God vir my gedoen het deur my te vergewe.

“Alleen só, as ek die sonde van onversoenlikheid besef; die liefdeswet van die Koninkryk eerbiedig en my verhouding met God belewe, alleen só, sal die mure van wrok val, waaragter my lewe vereensaam en verbitter.

“Nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe. Laat dit ons dankbare belofte wees om vyandskap só te vernietig en te beëindig.

“Alles kom hierop neer. As ek naby God lewe met die volle heldere wete dat ek lewe uit God se grenslose vergewing, dan vergewe ek ook koninklik en oorvloedig soos God.

“Amen.”